Dienaar-Leier

Julle moet julle nie 'leiers' laat noem nie, want een is julle Leier: die Christus. "Maar die grootste onder julle moet bereid wees om die ander te dien. Wie hoogmoedig is, sal verneder word, en wie nederig is, sal verhoog word."
Matteus 23: 10-12

Doelwit: *Hierdie is 'n praktiese leierskapsoefening waar die Verkenners sal leer dat die leier die pad ken, die pad wys en s die pad loop. Hy sal leer om as leier te verstaan, te ervaar en te doen. Hierdie beginsels kan later in sy lewe deel word van die grondslag van sy leierskapstyl. Deur te ervaar gaan hy meer leer oor emosionele intelligensie. Die Verkenner sal ook die geleentheid kry om dinge prakties te doen en so te wys wat in hom steek.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
2. 'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Konsekwente Christenskap is baie moeilik om uit te leef veral in omstandighede waar dit moeilik gaan. Die jeuglid word hier in 'n omgewing geplaas waar hy met die praktiese probleme daarvan gekonfronteer word. Die kursusinhoud behoort aan die Verkenner leiding te gegee sodat hy uit ervaring kan leer.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	5 dae	**Graadgroep:**	11
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Gebiedskamp		
Toekennings instansie:	Gebiedskamp		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *'n Droom hê wat hy met sy maats kan deel en ander motiveer om ook hulle drome na te jaag. Hy moet gelei word te besef dat hy 'n **passie** moet hê vir die drome wat hy koester en besef dis 'n keuse wat hy maak om die drome na te jaag!*
2. *Die Verkenner moet 'n gesprek met iemand voer wat aan hom die nodige leiding kan gee oor watter prakties uitvoerbare planne hy kan maak om sy droom na te jaag. Hy met vir homself 'n aksieplan uitwerk.*
3. *Die span moet hulle planne aan mekaar voorlê en besluit hoe hulle mekaar kan help in die verwesenliking van hulle onderskeie drome.*
4. *Die span moet mekaar **inspireer** om hulle talente en passie te ontdek Persoonlikheidsprofiele of aanlegtoetse kan 'n handige hulpmiddel wees vir Verkenners om hulle aanleg en talente te ontdek.*
5. *Die Verkenner moet besef dat hy **groot** moet droom, met 'n einddoel in gedagte. Die **vreugde** waarmee hy alles doen en ander inspireer is die geheim tot die sukses daarvan. **Begin met die einde in gedagte** !*
6. *Verkenners moet leer om ander se potensiaal te **erken**, en ander se drome te respekteer.*
7. *Hy moet die begrip van **Eerste dinge eerste** verstaan deur te besef dat jy nie 'n olifant met een hap opeet nie, maar happie vir happie. Die Verkenner moet dus gelei word om vir homself haalbare korttermyn doelwitte te stel wat pas binne die raamwerk van sy groot droom.*
8. *Die Verkenner moet kennis neem van die wen-wenbeginsels en die voordele daarvan.*
9. *Die Verkenner moet ook besef watter waarde blootstelling en toerusting op hierdie veld vir toekoms inhou.*

Dienaar-Leier

10. *Die Verkenner moet gereeld sy droom hersien en oordink en dit voed, sodat hy nie moedeloos word of belangstelling verloor nie. Die span moet besef dat hulle die verantwoordelikheid teenoor mekaar het om mekaar te motiveer en inspireer as iemand moedeloos raak.*

11. *Die Verkenner moet die begrip verstaan en kan toepas: nl. dat 'n leier eers 'n dienaar en dan 'n leier is. Dis dus belangrik dat hy ook die ander sal help om hulle drome uit te leef en nie net na sy eie sal streef nie. Die beginsels van nederigheid en onselfsugtigheid in leierskap moet verstaan word.*

12. *Die Verkenner moet die begrip verstaan dat 'n leier iemand is wat die speelveld vir ander skep om op te presteer.*

13. *Die Verkenner moet voortdurend God se droom vir hom in gedagte hou by die formulering en nastreef van sy eie droom. Sy droom mag nooit in stryd wees met God se droom vir hom nie. Hy moet ook rekening hou met God se Groot Droom vir die wêreld as die toets vir egtheid wanneer hy ander begelei om hul ware lewensdroom te herken.*

14. *Die Verkenner moet die waarde van voortdurende groei en verbetering van jouself verstaan. Hy moet ook die beginsel van "Slyp jou saag" soos 'n Covey se 7 Habits (sien bronnelys) verstaan en toepas. Hy moet die noodsaaklikheid daarvan verstaan om na sy eie welsyn en gesondheid om te sien, sodat hy fisies in staat sal wees om sy droom na te streef en sy sukses te geniet. Elke Verkenner moet 'n prioriteite lysie opstel t.o.v sy eetgewoontes, gesondheid, oefening, ens. om sy eie liggaam en gees sodoende in die beste toestand te hou om sy droom na te streef.*

Onthou:"Distansieer jou van mense wat jou drome verkleineer. Kleinlike mense doen dit altyd. Dit is die groot geeste wat jou sal laat voel dat jy ook iets groots kan bereik"

- Mark Twain

Bronnelys:

Bruce Wilkenson; Andries Cilliers, 2004. Die Droomgewer vir Leiers
Sean Covey, 1998. The 7 Habits of Highly Effective Teens
Kobus Neethling, 2002. Voel soos Jesus

HOU KOERS